



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA

Government Gazette Staatskoerant

Vol. 383

PRETORIA, 7 MAY 1997

No. 17985

GOVERNMENT NOTICE

GOEWERMENTSKENNISGEWING

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTE- DIENS

No. 675

7 May 1997

It is hereby notified that Parliament has in terms of section 231 (2) of the Constitution ratified the following Convention which is hereby published for general information, and has furthermore expressly provided in terms of section 231 (3) of the Constitution that the Convention shall form part of the law of the Republic.

No. 675

7 Mei 1997

Hierby word bekendgemaak dat die Parlement ingevolge artikel 231 (2) van die Grondwet die volgende Konvensie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, bekragtig het, en verder uitdruklik bepaal het dat die Konvensie ingevolge artikel 231 (3) van die Grondwet deel uitmaak van die reg van die Republiek.

CONVENTION BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND CANADA FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME

Preamble

The Government of the Republic of South Africa and the Government of Canada desiring to conclude a Convention for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income, have agreed as follows:

Article 1

Personal Scope

This Convention shall apply to persons who are residents of one or both of the Contracting States.

Article 2

Taxes Covered

1. The existing taxes to which the Convention shall apply are:

(a) in the case of Canada:

the taxes imposed by the Government of Canada under the Income Tax Act,

(hereinafter referred to as "Canadian tax");

(b) in the case of South Africa:

(i) the normal tax;

(ii) the non-resident shareholders' tax; and

(iii) the secondary tax on companies;

(hereinafter referred to as "South African tax").

2. The Convention shall apply also to any identical or substantially similar taxes which are imposed after the date of signature of the Convention in addition to, or in place of, the existing taxes. The competent authorities of the Contracting States shall notify each other of any significant changes which have been made in their respective taxation laws.

KONVENSIË TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN KANADA VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE

Aanhef

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van Kanada het, uit 'n begeerte om 'n Konvensie te sluit vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste, soos volg ooreengekom:

Artikel 1

Persoonlike Omvang

Hierdie Konvensie is van toepassing op persone wat inwoners van een van of van albei die Kontrakterende State is.

Artikel 2

Belastings Gedek

1. Die bestaande belastings waarop die Konvensie van toepassing is, is:

(a) in die geval van Kanada:

die belastings deur die Regering van Kanada opgelê ingevolge die Inkomstebelastingwet,

(hierna "Kanadese belasting" genoem);

(b) in die geval van Suid-Afrika:

- (i) die normale belasting;
- (ii) die belasting op buitelandse aandeelhouders; en
- (iii) die sekondêre belasting op maatskappye;

(hierna "Suid-Afrikaanse belasting" genoem).

2. Die Konvensie is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belastings wat bykomend by of in plaas van die bestaande belastings opgelê word na die datum van ondertekening van die Konvensie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State stel mekaar in kennis van enige wesenlike veranderinge wat aan hul onderskeie belastingwette aangebring is.

Article 3**General Definitions**

1. In this Convention, unless the context otherwise requires:

- (a) the term "Canada" used in a geographical sense, means the territory of Canada, including:
 - (i) any area beyond the territorial seas of Canada which, in accordance with international law and the laws of Canada, is an area within which Canada may exercise rights with respect to the seabed and subsoil and their natural resources;
 - (ii) the seas and airspace above every area referred to in subparagraph (i) in respect of any activity carried on in connection with the exploration for or the exploitation of the natural resources referred to therein;
- (b) the term "South Africa" means the Republic of South Africa and, when used in a geographical sense, includes the territorial sea thereof as well as any area outside the territorial sea, including the continental shelf, which has been or may hereafter be designated, under the laws of South Africa and in accordance with international law, as an area within which South Africa may exercise sovereign rights or jurisdiction;
- (c) the terms "a Contracting State" and "the other Contracting State" mean, as the context requires, Canada or South Africa;
- (d) the term "person" includes an individual, an estate, a trust, a company and any other body of persons which is treated as an entity for tax purposes; the term also includes a partnership in the case of Canada;
- (e) the term "company" means any body corporate or any entity which is treated as a body corporate for tax purposes;
- (f) the term "competent authority" means:
 - (i) in the case of Canada, the Minister of National Revenue or his authorised representative;
 - (ii) in the case of South Africa, the Commissioner for Inland Revenue or his authorised representative;
- (g) the term "national" means:
 - (i) any individual possessing the nationality of a Contracting State;
 - (ii) any legal person, partnership and association deriving its status as such from the laws in force in a Contracting State;
- (h) the term "international traffic" means any transport by ship or aircraft operated by a resident of a Contracting State, except when the ship or aircraft is operated solely between places in the other Contracting State.

2. As regards the application of the Convention by a Contracting State at any time, any term not defined therein shall, unless the context otherwise requires, have the meaning which it has at that time under the law of that State concerning the taxes to which the Convention applies.

Artikel 3

Algemene Woordomskrywings

1. In hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:

- (a) beteken die uitdrukking "Kanada", wanneer in geografiese verband gebruik, die gebied van Kanada, insluitende:
 - (i) enige deel buite die territoriale waters van Kanada wat ooreenkomstig die volkereg en die reg van Kanada 'n deel is waarbinne Kanada ten opsigte van die seabodem en ondergrond en hul natuurlike hulpbronne regte mag uitoefen;
 - (ii) die waters en die lugruim bo elke deel in subparagraaf (i) genoem ten opsigte van enige bedrywigheid daarin uitgeoefen in verband met die eksplorاسie na of die ontginning van die natuurlike hulpbronne daarin genoem;
- (b) beteken die uitdrukking "Suid-Afrika" die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in geografiese verband gebruik, ook die territoriale waters daarvan, asook enige deel buite die territoriale waters, met inbegrip van die kontinentale plat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys mag word as 'n deel waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie mag uitoefen;
- (c) beteken die uitdrukkings "'n Kontrakterende Staat" en "die ander Kontrakterende Staat" Kanada of Suid-Afrika, na gelang die samehang vereis;
- (d) beteken die uitdrukking "persoon" ook 'n individu, 'n boedel, 'n trust, 'n maatskappy en enige ander liggaam van persone wat vir belastingdoeleindes as 'n entiteit behandel word; en in die geval van Kanada ook 'n vennootskap;
- (e) beteken die uitdrukking "maatskappy" 'n regspersoon of 'n entiteit wat vir belastingdoeleindes as 'n regspersoon behandel word;
- (f) beteken die uitdrukking "bevoegde owerheid":
 - (i) in die geval van Kanada, die Minister van Nasionale Inkomste of sy gemagtigde verteenwoordiger;
 - (ii) in die geval van Suid-Afrika, die Kommissaris van Binnelandse Inkomste of sy gemagtigde verteenwoordiger;
- (g) beteken die uitdrukking "burgers":
 - (i) 'n individu wat die burgerskap van 'n Kontrakterende Staat besit;
 - (ii) 'n regspersoon, vennootskap en vereniging wat sy status as sodanig verkry van die wette wat in 'n Kontrakterende Staat van krag is;
- (h) beteken die uitdrukking "internasionale verkeer" enige vervoer per skip of vliegtuig bedryf deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, behalwe wanneer die skip of vliegtuig slegs tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat bedryf word;

2. By die toepassing van die Konvensie deur 'n Kontrakterende Staat te eniger tyd, het 'n uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat op daardie tydstip daaraan geheg word deur daardie Staat se wette betreffende die belasting waarvoor die Konvensie handel.

Article 4**Resident**

1. For the purposes of this Convention, the term "resident of a Contracting State" means:

(a) in the case of Canada:

(i) any person who, under the laws of Canada, is liable to tax in Canada by reason of his domicile, residence, place of management, place of incorporation or any other criterion of a similar nature;

(ii) Canada or a political subdivision or local authority thereof or any agency or instrumentality of Canada, or subdivision or authority thereof;

(b) in the case of South Africa, any individual who is ordinarily resident in South Africa and any other person which has its place of effective management in South Africa.

2. Where by reason of the provisions of paragraph 1 an individual is a resident of both Contracting States, then his status shall be determined as follows:

(a) he shall be deemed to be a resident only of the State in which he has a permanent home available to him; if he has a permanent home available to him in both States, he shall be deemed to be a resident only of the State with which his personal and economic relations are closer (centre of vital interests);

(b) if the State in which he has his centre of vital interests cannot be determined, or if he has not a permanent home available to him in either State, he shall be deemed to be a resident only of the State in which he has an habitual abode;

(c) if he has an habitual abode in both States or in neither of them, he shall be deemed to be a resident only of the State of which he is a national;

(d) if he is a national of both States or of neither of them, the competent authorities of the Contracting States shall settle the question by mutual agreement.

3. Where by reason of the provisions of paragraph 1 a company is a resident of both Contracting States, then its status shall be determined as follows:

(a) it shall be deemed to be a resident only of the State of which it is a national;

(b) if it is a national of neither of the States, it shall be deemed to be a resident only of the State in which its place of effective management is situated.

4. Where by reason of the provisions of paragraph 1 a person other than an individual or a company is a resident of both Contracting States, the competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement endeavour to settle the question and to determine the mode of application of the Convention to such person.

Artikel 4

Inwoner

1. By die toepassing van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking "inwoner van 'n Kontrakterende Staat":

- (a) in die geval van Kanada:
 - (i) 'n persoon wat kragtens die wette van Kanada in Kanada belastingpligtig is uit hoofde van sy domisilie, verblyf, plek van bestuur, plek van inlywing of enige ander soortgelyke maatstaf;
 - (ii) Kanada of 'n staatkundige onderverdeling of plaaslike owerheid daarvan of enige agentskap of liggaam van Kanada, of 'n onderverdeling of owerheid daarvan;
- (b) in die geval van Suid-Afrika, 'n individu wat gewoonlik in Suid-Afrika woonagtig is en enige ander persoon wie se plek van effektiewe bestuur in Suid-Afrika is.

2. Waar 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van beide Kontrakterende State is, word sy status soos volg bepaal:

- (a) hy word geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarin hy 'n permanente tuiste tot sy beskikking het; indien hy in beide State 'n permanente tuiste tot sy beskikking het, word hy geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarmee sy persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);
- (b) indien daar nie bepaal kan word in watter Staat hy sy tuiste van lewensbelange het nie, of indien hy nie 'n permanente tuiste in enigiens van die State tot sy beskikking het nie, word hy geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarin hy 'n gebruikelike verblyfplek het;
- (c) indien hy 'n gebruikelike verblyfplek in beide State het, of in geeneen van hulle nie, word hy geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarvan hy 'n burger is;
- (d) indien hy 'n burger van beide State is, of van geeneen van hulle nie, besleg die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.

3. Waar uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n maatskappy 'n inwoner van beide Kontrakterende State is, word sy status soos volg bepaal:

- (a) hy word geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarvan hy 'n burger is;
- (b) indien hy 'n burger van geeneen van die State is nie, word hy geag 'n inwoner te wees slegs van die Staat waarin sy plek van effektiewe bestuur geleë is.

4. Waar uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n ander persoon as 'n individu of 'n maatskappy 'n inwoner van beide Kontrakterende State is, besleg die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die kwessie deur middel van onderlinge ooreenkoms en bepaal die wyse van toepassing van die Konvensie op sodanige persoon.

Article 5

Permanent Establishment

1. For the purposes of this Convention, the term "permanent establishment" means a fixed place of business through which the business of a resident of a Contracting State is wholly or partly carried on.

2. The term "permanent establishment" includes especially:

- (a) a place of management;
- (b) a branch;
- (c) an office;
- (d) a factory;
- (e) a workshop; and
- (f) a mine, an oil or gas well, a quarry or any other place relating to the exploration for or the exploitation of natural resources.

3. The term "permanent establishment" likewise encompasses:

- (a) a building site, a construction, installation or assembly project or supervisory activities in connection therewith, but only where such site, project or activities continue for a period of more than twelve months;
- (b) the furnishing of services, including consultancy services, by a resident through employees or other personnel engaged by the resident for such purpose, but only where activities of that nature continue (for the same or a connected project) within a Contracting State for a period of more than twelve months.

4. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, the term "permanent establishment" in respect of a resident of a Contracting State shall be deemed not to include:

- (a) the use of facilities solely for the purpose of storage, display or delivery of goods or merchandise belonging to the resident;
- (b) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the resident solely for the purpose of storage, display or delivery;
- (c) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the resident solely for the purpose of processing by another person;
- (d) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of purchasing goods or merchandise, or of collecting information, for the resident;
- (e) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of carrying on, for the resident, any other activity of a preparatory or auxiliary character;
- (f) the maintenance of a fixed place of business solely for any combination of activities mentioned in subparagraphs (a) to (e) provided that the overall activity of the fixed place of business resulting from this combination is of a preparatory or auxiliary character.

Artikel 5**Permanente Saak**

1. By die toepassing van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking "permanente saak" 'n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uitsluitlik of gedeeltelik bedryf word.

2. Die uitdrukking "permanente saak" sluit veral in:

- (a) 'n plek van bestuur;
- (b) 'n tak;
- (c) 'n kantoor;
- (d) 'n fabriek;
- (e) 'n werkwinkel; en
- (f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek wat verband hou met die eksplorاسie na of die ontginning van natuurlike hulpbronne.

3. Die uitdrukking "permanente saak" sluit ook in:

- (a) 'n bouterrein, 'n konstruksie-, installasie- of monteerprojek, of toesighoudende bedrywighede in verband daarmee, maar slegs waar sodanige terrein, projek of bedrywighede vir 'n tydperk van meer as twaalf maande voortduur;
- (b) die verskaffing van dienste, insluitende konsultasiedienste, deur 'n inwoner met behulp van werknemers of ander personeel wat deur die inwoner vir sodanige doel in diens geneem is, maar slegs indien bedrywighede van daardie aard binne 'n Kontrakterende Staat voortduur (vir dieselfde of 'n verbonde projek) vir 'n tydperk van meer as twaalf maande.

4. Ondanks die voorafgaande bepalings van hierdie Artikel word die uitdrukking "permanente saak" ten opsigte van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat geag nie die volgende in te sluit nie:

- (a) die gebruik van fasiliteite slegs met die doel om goedere of handelsware wat aan die inwoner behoort op te berg, te vertoon of af te lewer;
- (b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die inwoner behoort, slegs met die doel om dit op te berg, te vertoon of af te lewer;
- (c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die inwoner behoort, slegs vir die doel van verwerking deur 'n ander persoon;
- (d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek slegs met die doel om vir die inwoner goedere of handelsware aan te koop of inligting in te win;
- (e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek slegs met die doel om enige ander bedrywigheid wat van 'n voorlopige of bykomstige aard is, vir die inwoner uit te oefen;
- (f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek slegs vir 'n kombinasie van die bedrywighede in subparagrafe (a) tot (e) genoem, met dien verstande dat die algehele bedrywighede van die vaste besigheidsplek voortspruitend uit hierdie kombinasie van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

5. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2, where a person - other than an agent of an independent status to whom paragraph 6 applies - is acting on behalf of a resident of a Contracting State and has, and habitually exercises, in the other Contracting State an authority to conclude contracts in the name of the resident, that resident shall be deemed to have a permanent establishment in that other State in respect of any activities which that person undertakes for the resident unless the activities of such person are limited to those mentioned in paragraph 4 which, if exercised through a fixed place of business, would not make this fixed place of business a permanent establishment under the provisions of that paragraph.

6. A resident of a Contracting State shall not be deemed to have a permanent establishment in the other Contracting State merely because it carries on business in that other State through a broker, general commission agent or any other agent of an independent status, provided that such persons are acting in the ordinary course of their business.

7. The fact that a company which is a resident of a Contracting State controls or is controlled by a company which is a resident of the other Contracting State, or which carries on business in that other State (whether through a permanent establishment or otherwise), shall not of itself constitute either company a permanent establishment of the other.

Article 6

Income from Immovable Property

1. Income derived by a resident of a Contracting State from immovable property (including income from agriculture or forestry) situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. For the purposes of this Convention, the term "immovable property" shall have the meaning which it has for taxation purposes in the Contracting State in which the property in question is situated. The term shall in any case include property accessory to immovable property, livestock and equipment used in agriculture and forestry, rights to which the provisions of general law respecting landed property apply, usufruct of immovable property and rights to variable or fixed payments as consideration for the working of, or the right to work, mineral deposits, sources and other natural resources. Ships and aircraft shall not be regarded as immovable property.

3. The provisions of paragraph 1 shall apply to income derived from the direct use, letting or use in any other form of immovable property and to income from the alienation of such property.

4. The provisions of paragraphs 1 and 3 shall also apply to the income from immovable property used in carrying on a business or in the performance of independent personal services.

5. Ondanks die bepalings van paragrafe 1 en 2, waar 'n persoon - uitgesonderd 'n agent met onafhanklike status op wie paragraaf 6 van toepassing is - namens 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in die ander Kontrakterende Staat kontrakte in die naam van die inwoner te sluit, word daardie inwoner geag 'n permanente saak in daardie ander Staat te hê ten opsigte van enige bedrywighede wat daardie persoon vir die inwoner onderneem, tensy die bedrywighede van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem wat, indien dit deur 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen sou word, hierdie vaste besigheidsplek nie ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.

6. 'n Inwoner van 'n Kontrakterende Staat word nie geag 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te hê nie bloot omdat hy in daardie ander Staat besigheid dryf deur bemiddeling van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met onafhanklike status, mits sodanige persone in die gewone loop van hul besigheid optree.

7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur bemiddeling van 'n permanente saak of andersins) beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

Artikel 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit onroerende eiendom (met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou) wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. By die toepassing van hierdie Konvensie het die uitdrukking "onroerende eiendom" die betekenis wat vir belastingdoeleindes daaraan geheg word in die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom wat bykomend by onroerende eiendom is, lewende hawe en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalings van die algemene reg betreffende vaste eiendom van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning, of die reg op ontginning, van mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe en vliegtuie word nie geag onroerende eiendom te wees nie.

3. Die bepalings van paragraaf 1 is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm, van onroerende eiendom en op inkomste uit die vervreemding van sodanige eiendom.

4. Die bepalings van paragrafe 1 en 3 is ook van toepassing op die inkomste uit onroerende eiendom wat by die bedryf van 'n besigheid of by die verrigting van onafhanklike persoonlike dienste gebruik word.

Article 7**Business Profits**

1. The business profits of a resident of a Contracting State shall be taxable only in that State unless the resident carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein. If the resident carries on or has carried on business as aforesaid, the business profits of the resident may be taxed in the other State but only so much of them as is attributable to that permanent establishment.

2. Subject to the provisions of paragraph 3, where a resident of a Contracting State carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein, there shall in each Contracting State be attributed to that permanent establishment the business profits which it might be expected to make if it were a distinct and separate person engaged in the same or similar activities under the same or similar conditions and dealing wholly independently with the resident and with all other persons.

3. In the determination of the business profits of a permanent establishment, there shall be allowed those deductible expenses which are incurred for the purposes of the permanent establishment including executive and general administrative expenses, whether incurred in the State in which the permanent establishment is situated or elsewhere.

4. Insofar as it has been customary in a Contracting State to determine the business profits to be attributed to a permanent establishment on the basis of an apportionment, nothing in paragraph 2 shall preclude that Contracting State from determining the business profits to be taxed by such an apportionment as may be customary. The method of apportionment adopted shall, however, be such that the result shall be in accordance with the principles contained in this Article.

5. No business profits shall be attributed to a permanent establishment of a person by reason of the mere purchase by that permanent establishment of goods or merchandise for the person.

6. For the purposes of the preceding paragraphs, the business profits to be attributed to the permanent establishment shall be determined by the same method year by year unless there is good and sufficient reason to the contrary.

7. Where business profits include items of income which are dealt with separately in other Articles of this Convention, then the provisions of those Articles shall not be affected by the provisions of this Article.

Article 8**Shipping and Air Transport**

1. Profits derived by a resident of a Contracting State from the operation of ships or aircraft in international traffic shall be taxable only in that State.

Artikel 7**Besigheidswinste**

1. Die besigheidswinste van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die inwoner besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat deur bemiddeling van 'n permanente saak wat daarin geleë is. Indien die inwoner besigheid dryf of gedryf het soos gemeld, kan die besigheidswinste van die inwoner in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.

2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3, waar 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die besigheidswinste toegeskryf wat hy na verwagting sou kon behaal as hy 'n afsonderlike en aparte persoon was wat hom met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke omstandighede besig hou en heeltemal onafhanklik met die inwoner en met alle ander persone sake doen.

3. By die vasstelling van die besigheidswinste van 'n permanente saak word daardie aftrekbare uitgawes toegelaat wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan is, met inbegrip van bestuurs- en algemene administrasiekoste aldus aangegaan, hetsy in die Staat waarin die permanente saak geleë is of elders.

4. Vir sover dit in 'n Kontrakterende Staat gebruiklik was om die besigheidswinste wat aan 'n permanente saak toegeskryf moet word vas te stel volgens die grondslag van 'n toedeling, belet niks in paragraaf 2 daardie Kontrakterende Staat om die besigheidswinste wat belas moet word deur sodanige toedeling as wat gebruiklik mag wees, vas te stel nie. Die metode van toedeling wat gebruik word, moet egter sodanig wees dat die resultaat in ooreenstemming is met die beginsels in hierdie Artikel vervat.

5. Geen besigheidswinste word aan 'n permanente saak van 'n persoon toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelsware vir die persoon nie.

6. By die toepassing van die voorgaande paragrawe, tensy daar goeie en afdoende rede tot die teendeel is, word die besigheidswinste wat aan die permanente saak toegeskryf moet word jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel.

7. Waar besigheidswinste inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

Artikel 8**Skeepvaart en Lugvervoer**

1. Winste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer is slegs in daardie Staat belasbaar.

2. Notwithstanding the provisions of paragraph 1 and of Article 7, profits derived by a resident of a Contracting State from a voyage of a ship where the principal purpose of the voyage is to transport passengers or property between places in the other Contracting State may be taxed in that other State.

3. The provisions of paragraphs 1 and 2 shall also apply to profits referred to in those paragraphs derived by a resident of a Contracting State from its participation in a pool, a joint business or an international operating agency.

4. For the purposes of this Article, profits from the operation of ships or aircraft in international traffic shall include:

- (a) profits derived from the rental on a bare boat basis of ships or aircraft used in international traffic; and
 - (b) profits derived from the use or rental of containers and related equipment;
- if such profits are incidental to the profits to which the provisions of paragraph 1 apply.

Article 9

Associated Persons

1. Where:

- (a) a resident of a Contracting State participates directly or indirectly in the management, control or capital of a resident of the other Contracting State, or
- (b) the same persons participate directly or indirectly in the management, control or capital of a resident of a Contracting State and a resident of the other Contracting State

and in either case conditions are made or imposed between the two persons in their commercial or financial relations which differ from those which would be made between independent persons, then any income which would, but for those conditions, have accrued to one of the persons, but, by reason of those conditions, has not so accrued, may be included in the income of that person and taxed accordingly.

2. Where a Contracting State includes in the income of a resident of that State - and taxes accordingly - income on which a resident of the other Contracting State has been charged to tax in that other State and the income so included is income which would have accrued to the first-mentioned person if the conditions made between the two persons had been those which would have been made between independent persons, then that other State shall make an appropriate adjustment to the amount of tax charged therein on that income. In determining such adjustment, due regard shall be had to the other provisions of this Convention and the competent authorities of the Contracting States shall if necessary consult each other.

2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 en Artikel 7 kan winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit 'n skeepsreis waarvan die hoofdoel die vervoer van passassiers of eiendom tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat is, in daardie ander Staat belas word.

3. Die bepalings van paragrafe 1 en 2 is ook van toepassing op winste in daardie paragrafe genoem, verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit sy deelname aan 'n winsdeling, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap.

4. By die toepassing van hierdie Artikel sluit winste verkry uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer in:

- (a) winste verkry uit die verhuring op 'n "sonder bemanning"-basis van skepe of vliegtuie wat in internasionale verkeer gebruik word; en
- (b) winste verkry uit die gebruik of verhuring van houters en verwante toerusting;

indien sodanige winste bykomstig is by die winste waarop die bepalings van paragraaf 1 van toepassing is.

Artikel 9

Verwante Persone

1. Waar:

- (a) 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks in die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat deel het, of
- (b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks in die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat en 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat deel het,

en in enigeen van die gevalle voorwaardes tussen die twee persone met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike persone gestel sou word, kan enige inkomste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die persone sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die inkomste van daardie persoon ingesluit word en dienoooreenkomstig belas word.

2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die inkomste van 'n inwoner van daardie Staat inkomste insluit - en dit dienoooreenkomstig belas - waarop 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die inkomste aldus ingesluit inkomste is wat aan eersgenoemde persoon sou toegeval het indien die voorwaardes tussen die twee persone ooreengekom dieselfde sou gewees het as dié wat tussen onafhanklike persone ooreengekom sou gewees het, maak daardie ander Staat 'n toepaslike aanpassing aan die bedrag van die belasting daarin gehef op daardie inkomste. By die bepaling van sodanige aanpassing word die ander bepalings van hierdie Konvensie behoorlik in ag geneem en die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State raadpleeg mekaar indien nodig.

3. A Contracting State shall not change the income of a person in the circumstances referred to in paragraph 1 after the expiry of the time limits provided in its national laws and, in any case, after five years from the end of the year in which the income which would be subject to such change would, but for the conditions referred to in paragraph 1, have accrued to that person.

4. The provisions of paragraphs 2 and 3 shall not apply in the case of fraud, wilful default or neglect.

Article 10

Dividends

1. Dividends paid by a company which is a resident of a Contracting State to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such dividends may also be taxed in the Contracting State of which the company paying the dividends is a resident and according to the laws of that State, but if a resident of the other Contracting State is the beneficial owner of the dividends the tax so charged shall not exceed:

- (a) except in the case of dividends paid by a non-resident owned investment corporation that is a resident of Canada, 5 per cent of the gross amount of the dividends if the beneficial owner is a company which:
 - (i) controls directly or indirectly at least 10 per cent of the voting power in the company paying the dividends where that company is a resident of Canada;
 - (ii) holds directly at least 10 per cent of the capital of the company paying the dividends where that company is a resident of South Africa;
- (b) 15 per cent of the gross amount of the dividends in all other cases.

The provisions of this paragraph shall not affect the taxation of the company on the profits out of which the dividends are paid.

3. The term "dividends" as used in this Article means income from shares or other rights, not being debt-claims, participating in profits, as well as income which is subjected to the same taxation treatment as income from shares by the laws of the State of which the company making the distribution is a resident.

4. The provisions of paragraph 2 shall not apply if the beneficial owner of the dividends, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State of which the company paying the dividends is a resident, through a permanent establishment situated therein, or performs in that other State independent personal services from a fixed base situated therein, and the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with such permanent establishment or fixed base. In such case the provisions of Article 7 or Article 14, as the case may be, shall apply.

3. 'n Kontrakterende Staat verander nie die inkomste van 'n persoon in die omstandighede in paragraaf 1 genoem nie na verstryking van die tydsbepelings in sy nasionale reg bepaal, en in ieder geval na vyf jaar vanaf die einde van die jaar waarin die inkomste wat aan sodanige verandering onderworpe sou wees, by ontstentenis van die voorwaardes in paragraaf 1 genoem, aan daardie persoon sou toegeval het.

4. Die bepalings van paragrawe 2 en 3 is nie van toepassing nie in die geval van bedrog, opsetlike wanprestasie of nalatigheid.

Artikel 10

Dividende

1. Dividende wat deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige dividende kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is, en ooreenkomstig die wette van daardie Staat, belas word, maar indien 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat die bevoordeelde eienaar van die dividende is, is die belasting aldus opgelê nie meer nie as:

- (a) behalwe in die geval van dividende betaal deur 'n beleggingskorporasie wat besit word deur 'n nie-inwoner wat 'n inwoner van Kanada is, 5 persent van die bruto bedrag van die dividende indien die bevoordeelde eienaar 'n maatskappy is wat:
 - (i) regstreeks of onregstreeks minstens 10 persent van die stemkrag beheer in die maatskappy wat die dividende betaal waar daardie maatskappy 'n inwoner van Kanada is;
 - (ii) minstens 10 persent van die kapitaal van die maatskappy wat die dividende betaal regstreeks hou waar daardie maatskappy 'n inwoner van Suid-Afrika is;
- (b) 15 persent van die bruto bedrag van die dividende in alle ander gevalle.

Die bepalings van hierdie paragraaf raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit die dividende betaal word nie.

3. Die uitdrukking "dividende" soos in hierdie Artikel gebesig, beteken inkomste uit aandele of ander regte, wat nie skuldeise is nie, wat aan winste deelneem, asook inkomste wat aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele onderwerp word deur die wette van die Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen 'n inwoner is.

4. Die bepalings van paragraaf 2 is nie van toepassing nie indien die bevoordeelde eienaar van die dividende, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, besigheid dryf in die ander Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is, deur bemiddeling van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike persoonlike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word effektief verbonde is met sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.

5. Where a company which is a resident of a Contracting State derives profits or income from the other Contracting State, that other State may not impose any tax on the dividends paid by the company, except insofar as such dividends are paid to a resident of that other State or insofar as the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with a permanent establishment or a fixed base situated in that other State, nor subject the company's undistributed profits to a tax on undistributed profits, even if the dividends paid or the undistributed profits consist wholly or partly of profits or income arising in such other State.

6. Nothing in this Convention shall be construed as preventing a Contracting State from imposing on the earnings of a company attributable to a permanent establishment in that State, a tax in addition to the tax which would be chargeable on the earnings of a company which is a national of that State, provided that any additional tax so imposed shall not exceed 5 per cent of the amount of such earnings which have not been subjected to such additional tax in previous taxation years. For the purpose of this provision, the term "earnings" means the profits, including any gains, attributable to a permanent establishment in a Contracting State in a year and previous years after deducting therefrom all taxes, other than the additional tax referred to herein, imposed on such profits by that State.

Article 11

Interest

1. Interest arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such interest may also be taxed in the Contracting State in which it arises and according to the laws of that State, but if a resident of the other Contracting State is the beneficial owner of the interest the tax so charged shall not exceed 10 per cent of the gross amount of the interest.

3. Notwithstanding the provisions of paragraph 2:

(a) interest arising in Canada and beneficially owned by a resident of South Africa shall be taxable only in South Africa if it is paid:

(i) in respect of the indebtedness of the government of Canada or of a political subdivision or local authority thereof;

(ii) to the South African Reserve Bank;

(b) interest arising in South Africa and beneficially owned by a resident of Canada shall be taxable only in Canada if it is paid:

(i) in respect of indebtedness of the government of South Africa or of a political subdivision or local authority thereof;

(ii) to the Bank of Canada;

5. Waar 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is winste of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat verkry, hef daardie ander Staat nie belasting op die dividende wat deur die maatskappy betaal word nie, behalwe vir sover sodanige dividende betaal word aan 'n inwoner van daardie ander Staat of vir sover die aandeelbesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word effektief verbonde is met 'n permanente saak of vaste basis in daardie ander Staat geleë, en hef ook nie belasting op onuitgekeerde winste op die maatskappy se onuitgekeerde winste nie, selfs al bestaan die betaalde dividende of onuitgekeerde winste uitsluitlik of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.

6. Niks in hierdie Konvensie word uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat belet om op die verdienste van 'n maatskappy toeskryfbaar aan 'n permanente saak in daardie Staat, 'n belasting te hef wat bykomstig is by die belasting hefbaar op die verdienste van 'n maatskappy wat 'n burger van daardie Staat is, met dien verstande dat enige bykomstige belasting aldus gehef nie meer is nie as 5 persent van die bedrag van sodanige verdienste wat nie in vorige belastingjare aan sodanige bykomstige belasting onderwerp is nie. By die toepassing van hierdie bepaling beteken die uitdrukking "verdiens" die profyte, asook enige winste, toeskryfbaar aan 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat in 'n jaar en vorige jare na die aftrekking daarvan van alle belastings, uitgesonderd die bykomstige belasting hierin genoem, deur daardie Staat op sodanige winste gehef.

Artikel 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige rente kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat belas word, maar indien 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat die bevoordeelde eienaar van die rente is, gaan die belasting aldus gehef nie 10 persent van die bruto bedrag van die rente te bowe nie.

3. Ondanks die bepalinge van paragraaf 2:

(a) is rente wat in Kanada ontstaan en deur 'n inwoner van Suid-Afrika voordelig besit word slegs in Suid-Afrika belasbaar indien dit betaal word:

(i) ten opsigte van die verskuldigheid van die regering van Kanada of van 'n staatkundige onderverdeling of plaaslike owerheid daarvan;

(ii) aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank;

(b) is rente wat in Suid-Afrika ontstaan en deur 'n inwoner van Kanada voordelig besit word slegs in Kanada belasbaar indien dit betaal word:

(i) ten opsigte van die verskuldigheid van die regering van Suid-Afrika of van 'n staatkundige onderverdeling of plaaslike owerheid daarvan;

(ii) aan die Bank van Kanada;

- (iii) in respect of a loan made, guaranteed or insured, or a credit extended, guaranteed or insured by the Canadian Export Development Corporation.
- (c) interest arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State which was constituted and is operated exclusively to administer or provide benefits under one or more pension, retirement or other employee benefits plans shall not be taxable in the first-mentioned State provided that:
- (i) the resident is the beneficial owner of the interest and is generally exempt from tax in the other State; and
 - (ii) the interest is not derived from carrying on a trade or a business or from a related person; and
- (d) interest arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State who is the beneficial owner thereof shall be taxable only in that other State to the extent that such interest is paid with respect to indebtedness resulting from the sale or furnishing on credit by a resident of that other State of any equipment, merchandise or services, except where the sale or furnishing is made between associated persons within the meaning of subparagraphs (a) or (b) of paragraph 1 of Article 9 or where the payer and the recipient of the interest are associated persons within the meaning of the same subparagraphs.

4. The term "interest" as used in this Article means income from debt-claims of every kind, whether or not secured by mortgage, and in particular, income from government securities and income from bonds or debentures, including premiums and prizes attaching to such securities, bonds or debentures, as well as income which is subjected to the same taxation treatment as income from money lent by the laws of the State in which the income arises. However, the term "interest" does not include income dealt with in Article 10.

5. The provisions of paragraph 2 shall not apply if the beneficial owner of the interest, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the interest arises through a permanent establishment situated therein, or performs in that other State independent personal services from a fixed base situated therein, and the debt-claim in respect of which the interest is paid is effectively connected with such permanent establishment or fixed base. In such case the provisions of Article 7 or Article 14, as the case may be, shall apply.

6. Interest shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is a resident of that State. Where, however, the person paying the interest, whether he is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment or a fixed base in connection with which the indebtedness on which the interest is paid was incurred, and such interest is borne by such permanent establishment or fixed base, then such interest shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment or fixed base is situated.

- (iii) ten opsigte van 'n lening toegestaan, gewaarborg of verseker, of 'n krediet verleen, gewaarborg of verseker deur die Kanadese Uitvoerontwikkelingskorporasie;
- (c) is rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat wat gestig is en bedryf word uitsluitlik om voordele onder een of meer pensioen-, uittredings- of ander werknemersvoordeleskemas te administreer of te voorsien, nie in eersgenoemde Staat belasbaar nie, met dien verstande dat:
 - (i) die inwoner die bevoordeelde eienaar van die rente is en oor die algemeen in die ander Staat van belasting vrygestel is; en
 - (ii) die rente nie uit die dryf van handel of 'n besigheid of van 'n verwante persoon verkry is nie; en
- (d) is rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en betaal word aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat wat die bevoordeelde eienaar daarvan is, slegs in daardie ander Staat belasbaar in die mate dat sodanige rente betaal word ten opsigte van die verskuldigheid wat ontstaan uit die verkoop of verskaffing op krediet deur 'n inwoner van daardie ander Staat van enige toerusting, handelsware of dienste, behalwe waar die verkoop of verskaffing tussen verwante persone binne die betekenis van subparagrafe (a) of (b) van paragraaf 1 van Artikel 9 geskied of waar die betaler en die ontvanger van die rente verwante persone is binne die betekenis van genoemde subparagrafe.

4. Die uitdrukking "rente" soos in hierdie Artikel gebesig, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie, en in die besonder inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, insluitende premies en pryse aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe verbonde, asook inkomste wat aan dieselfde belastingbehandeling onderwerp word as inkomste uit geleende geld deur die wette van die Staat waarin die inkomste ontstaan. Die uitdrukking "rente" sluit egter nie inkomste wat in Artikel 10 behandel word in nie.

5. Die bepalings van paragraaf 2 is nie van toepassing nie indien die bevoordeelde eienaar van die rente, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan besigheid dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike persoonlike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word effektief verbonde is met sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.

6. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy hy 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak of 'n vaste basis het in verband waarmee die verskuldigheid waarop die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak of vaste basis gedra word, word sodanige rente geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak of vaste basis geleë is.

7. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the interest, having regard to the debt-claim for which it is paid, exceeds the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Convention.

Article 12

Royalties

1. Royalties arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such royalties may also be taxed in the Contracting State in which they arise and according to the laws of that State, but if a resident of the other Contracting State is the beneficial owner of the royalties the tax so charged shall not exceed:

(a) 6 per cent of the gross amount of the royalties if they are:

(i) copyright royalties and other like payments in respect of the production or reproduction of any literary, dramatic, musical or other artistic work (but not including royalties in respect of motion picture films nor royalties in respect of works on film or videotape or other means of reproduction for use in connection with television broadcasting); or

(ii) royalties for the use of, or the right to use, computer software; or

(iii) royalties for the use of, or the right to use, any patent or any information concerning industrial, commercial or scientific experience (but not including any such information provided in connection with a rental or franchise agreement);

(b) 10 per cent of the gross amount of the royalties in all other cases.

3. The term "royalties" as used in this Article means payments of any kind received as a consideration for the use of, or the right to use, any copyright, patent, trade mark, design or model, plan, secret formula or process or other intangible property, or for the use of, or the right to use, industrial, commercial or scientific equipment, or for information concerning industrial, commercial or scientific experience, and includes payments of any kind in respect of motion picture films and works on film, videotape or other means of reproduction for use in connection with television.

7. Waar, as gevolg van 'n besondere verband tussen die betaler en die bevoordeelde eienaar, of tussen albei van hulle en 'n ander persoon, die bedrag van die rente, met inagneming van die skuldeis ten opsigte waarvan dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waaroor die betaler en die bevoordeelde eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalinge van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormatige deel van die betalings ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State belasbaar, met behoorlike inagneming van die ander bepalinge van hierdie Konvensie.

Artikel 12

Tantièmes

1. Tantièmes wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige tantièmes kan egter ook in die Kontrakterende Staat waarin hulle ontstaan en ooreenkomstig die wette van daardie Staat belas word, maar indien 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat die bevoordeelde eienaar van die tantièmes is, is die belasting aldus gehef nie meer nie as:

(a) 6 persent van die bruto bedrag van die tantièmes indien hulle:

- (i) kopieregtantièmes en ander soortgelyke betalings is ten opsigte van die produksie of reproduksie van enige letterkundige, musiek- of ander kunswerk (uitgesonderd tantièmes ten opsigte van kinematograaffilms en tantièmes ten opsigte van werke op film of videoband of ander wyses van reproduksie vir gebruik in verband met televisie-uitsending); of
- (ii) tantièmes is vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, rekenaarsagteware; of
- (iii) tantièmes is vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige patent of enige inligting aangaande industriële, handels- of wetenskaplike ondervinding (uitgesonderd enige sodanige inligting wat in verband met 'n huur- of konsessieooreenkoms verstrekkend is);

(b) 10 persent van die bruto bedrag van die tantièmes in alle ander gevalle.

3. Die uitdrukking "tantièmes" soos in hierdie Artikel gebesig, beteken betalings van enige aard ontvang as vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige kopiereg, patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses of ander ontasbare eiendom, of vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, industriële, handels- of wetenskaplike toerusting, of vir inligting aangaande industriële, handels- of wetenskaplike ondervinding, met inbegrip van betalings van enige aard ten opsigte van kinematograaffilms en werke op film, videoband of ander metodes van reproduksie vir gebruik in verband met televisie.

4. The provisions of paragraph 2 shall not apply if the beneficial owner of the royalties, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the royalties arise through a permanent establishment situated therein, or performs in that other State independent personal services from a fixed base situated therein, and the right or property in respect of which the royalties are paid is effectively connected with such permanent establishment or fixed base. In such case the provisions of Article 7 or Article 14, as the case may be, shall apply.

5. Royalties shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is a resident of that State. Where, however, the person paying the royalties, whether he is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment or a fixed base in connection with which the obligation to pay the royalties was incurred, and such royalties are borne by such permanent establishment or fixed base, then such royalties shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment or fixed base is situated.

6. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the royalties, having regard to the use, right or information for which they are paid, exceeds the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Convention.

Article 13

Capital Gains

1. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of immovable property situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. Gains from the alienation of movable property forming part of the business property of a permanent establishment of a resident of a Contracting State in the other Contracting State or of movable property pertaining to a fixed base available to a resident of a Contracting State in the other Contracting State for the purpose of performing independent personal services, including such gains from the alienation of such a permanent establishment (alone or with the whole enterprise carried on by such resident) or of such a fixed base may be taxed in that other State.

3. Gains from the alienation of ships or aircraft operated in international traffic by a resident of a Contracting State or movable property pertaining to the operation of such ships or aircraft, shall be taxable only in that State.

4. Die bepalings van paragraaf 2 is nie van toepassing nie indien die bevoordeelde eienaar van die tantièmes, synde 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantièmes ontstaan besigheid dryf deur bemiddeling van 'n permanente saak daarin geleë, of in daardie ander Staat onafhanklike persoonlike dienste verrig vanaf 'n vaste basis daarin geleë, en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantièmes betaal word, effektief verbonde is met sodanige permanente saak of vaste basis. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 of Artikel 14, na gelang van die geval, van toepassing.

5. Tantièmes word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die tantièmes betaal, hetsy hy 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak of vaste basis het in verband waarmee die verpligting om die tantièmes te betaal aangegaan is, en sodanige tantièmes deur sodanige permanente saak of vaste basis gedra word, word sodanige tantièmes geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak of vaste basis geleë is.

6. Waar, as gevolg van 'n besondere verband tussen die betaler en die bevoordeelde eienaar of tussen albei van hulle en 'n ander persoon, die bedrag van die tantièmes betaal, met inagneming van die gebruik, reg of inligting waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waaroor die betaler en die bevoordeelde eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengkom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval bly die oormatige deel van die betalings ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State belasbaar, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.

Artikel 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, of van roerende eiendom wat betrekking het op 'n vaste basis wat vir 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat beskikbaar is met die doel om onafhanklike persoonlike dienste te verrig, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding van sodanige permanente saak (alleen of tesame met die hele onderneming deur sodanige inwoner bedryf) of van sodanige vaste basis, kan in daardie ander Staat belas word.

3. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van skepe of vliegtuie wat in internasionale verkeer bedryf word, of roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie, is slegs in daardie Staat belasbaar.

4. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of:

- (a) shares (other than shares listed on an approved stock exchange in the other Contracting State) forming part of a substantial interest in the capital stock of a company which is a resident of that other State the value of which shares is derived principally from immovable property situated in that other State; or
- (b) a substantial interest in a partnership, trust or estate, established under the law in the other Contracting State, the value of which is derived principally from immovable property situated in that other State,

may be taxed in that other State. For the purposes of this paragraph, the term "immovable property" includes the shares of a company referred to in subparagraph (a) or an interest in a partnership, trust or estate referred to in subparagraph (b) but does not include any property, other than rental property, in which the business of the company, partnership, trust or estate is carried on. For the purposes of this paragraph, a substantial interest exists when the resident, alone or together with related persons, owns directly or indirectly at least 25 per cent of the shares of any class of the capital stock of the company or has an interest of at least 25 per cent in the partnership, trust or estate.

5. Gains from the alienation of any property other than that referred to in paragraphs 1, 2, 3 and 4 shall be taxable only in the Contracting State of which the alienator is a resident.

6. The provisions of paragraph 5 shall not affect the right of a Contracting State to levy, according to its law, a tax on gains from the alienation of any property derived by an individual who is a resident of the other Contracting State and has been a resident of the first-mentioned State at any time during the six years immediately preceding the alienation of the property if the property was held by the individual before he became a resident of that other State.

4. Winste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit die vervreemding van:

- (a) aandele (uitgesonderd aandele wat op 'n goedgekeurde aandelebeurs in die ander Kontrakterende Staat genoteer is) wat deel vorm van 'n wesenlike belang in die aandeelkapitaal van 'n maatskappy wat 'n inwoner van daardie ander Staat is, waarvan die waarde hoofsaaklik verkry is uit onroerende eiendom in daardie ander Staat geleë; of
- (b) 'n wesenlike belang in 'n vennootskap, trust of boedel, gestig ingevolge die wet in die ander Kontrakterende Staat, waarvan die waarde hoofsaaklik verkry is uit onroerende eiendom in daardie ander Staat geleë,

kan in daardie ander Staat belas word. By die toepassing van hierdie paragraaf sluit die uitdrukking "onroerende eiendom" in die aandele van 'n maatskappy in subparagraaf (a) genoem of 'n belang in 'n vennootskap, trust of boedel in subparagraaf (b) genoem, maar sluit nie 'n eiendom in nie, uitgesonderd huureiendom, waarin die besigheid van die maatskappy, vennootskap, trust of boedel bedryf word. By die toepassing van hierdie paragraaf bestaan daar 'n wesenlike belang wanneer die inwoner, alleen of tesame met verwante persone, regstreeks of onregstreeks minstens 25 persent besit van die aandele van enige klas van die aandeelkapitaal van die maatskappy of 'n belang van minstens 25 persent het in die vennootskap, trust of boedel.

5. Winste uit die vervreemding van enige eiendom, uitgesonderd dié in paragrawe 1, 2, 3 en 4 vermeld, is slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is, belasbaar.

6. Die bepalinge van paragraaf 5 tas nie die reg van 'n Kontrakterende Staat aan nie om ooreenkomstig sy reg 'n belasting te hef op winste uit die vervreemding van enige eiendom verkry deur 'n individu wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is en 'n inwoner van eersgenoemde Staat was te eniger tyd gedurende die ses jaar onmiddellik voor die vervreemding van die eiendom, indien die eiendom deur die individu besit is voordat hy 'n inwoner van daardie ander Staat geword het.

Article 14***Independent Personal Services***

1. Income derived by an individual who is a resident of a Contracting State in respect of professional services or other activities of an independent character shall be taxable only in that State unless he has or had a fixed base regularly available to him in the other Contracting State for the purpose of performing his activities. If he has or had such a fixed base, the income may be taxed in the other State but only so much of it as is attributable to that fixed base. For the purposes of this provision, where an individual who is a resident of a Contracting State stays in the other Contracting State for a period or periods exceeding in the aggregate 183 days in any twelve-month period commencing or ending in the fiscal year concerned, he shall be deemed to have a fixed base regularly available to him in that other State and the income that is derived from his activities that are performed in that other State shall be attributable to that fixed base.

2. The term "professional services" includes especially independent scientific, literary, artistic, educational or teaching activities as well as the independent activities of physicians, lawyers, engineers, architects, dentists and accountants.

3. The third sentence of paragraph 1 shall cease to have effect on the date an Agreement or a Convention, concluded after the date of signature of this Convention, between South Africa and a country that is a member country of the Organisation for Economic Co-operation and Development, takes effect if that Agreement or Convention does not provide for a provision that is comparable to that found in that third sentence.

Article 15***Dependent Personal Services***

1. Subject to the provisions of Articles 16, 18 and 19, salaries, wages and other remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment shall be taxable only in that State unless the employment is exercised in the other Contracting State. If the employment is so exercised, such remuneration as is derived therefrom may be taxed in that other State.

2. Notwithstanding the provisions of paragraph 1, remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment exercised in the other Contracting State shall be taxable only in the first-mentioned State if:

- (a) the recipient is present in the other State for a period or periods not exceeding in the aggregate 183 days in any twelve month period commencing or ending in the fiscal year concerned, and
- (b) the remuneration is paid by, or on behalf of, a person who is not a resident of the other State, and
- (c) the remuneration is not borne by a permanent establishment or a fixed base which the person has in the other State.

Artikel 14***Onafhanklike Persoonlike Dienste***

1. Inkomste verkry deur 'n individu wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is ten opsigte van professionele dienste of ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard, is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy hy 'n vaste basis in die ander Kontrakterende Staat gereeld tot sy beskikking het of gehad het vir doeleindes van die verrigting van sy bedrywighede. Indien hy sodanige vaste basis het of gehad het, kan die inkomste in die ander Staat belas word, maar dan slegs soveel daarvan as wat aan daardie vaste basis toeskryfbaar is. By die toepassing van hierdie bepaling, waar 'n wat individu 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat bly vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam 183 dae in enige twaalfmaandetydperk wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig, te bowe gaan, word hy geag 'n vaste basis gereeld tot sy beskikking in daardie ander Staat te hê en die inkomste verkry uit sy bedrywighede wat in daardie ander Staat verrig word, word aan daardie vaste basis toegeskryf.

2. Die uitdrukking "professionele dienste" sluit veral in onafhanklike wetenskaplike, letterkundige, kuns-, opvoedkundige of onderwysaktiwiteite, sowel as die onafhanklike aktiwiteite van geneeskundiges, regsgeleerdes, ingenieurs, argitekte, tandartse en rekenmeesters.

3. Die derde sin van paragraaf 1 is nie meer van krag nie op die datum waarop 'n Ooreenkoms of 'n Konvensie, aangegaan na die datum van ondertekening van hierdie Konvensie, tussen Suid-Afrika en 'n land wat 'n lidland van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling is van krag word indien daardie Ooreenkoms of Konvensie nie voorsiening maak vir 'n bepaling wat vergelykbaar is met dié in genoemde derde sin vervat nie.

Artikel 15***Afhanklike Persoonlike Dienste***

1. Behoudens die bepalings van Artikels 16, 18 en 19 is salarisse, lone en ander besoldiging wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking verkry word, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging wat daaruit verkry word in daardie ander Staat belas word.

2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1 is besoldiging wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry word ten opsigte van 'n diensbetrekking wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien:

- (a) die ontvanger teenwoordig is in die ander Staat vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae gedurende enige twaalfmaandetydperk, wat in die betrokke fiskale jaar begin of eindig, te bowe gaan nie, en
- (b) die besoldiging betaal word deur of namens 'n persoon wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
- (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak of 'n vaste basis wat die persoon in die ander Staat het nie.

3. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, remuneration in respect of an employment exercised aboard a ship or aircraft operated in international traffic by a resident of a Contracting State, shall be taxable only in that State unless the remuneration is derived by a resident of the other Contracting State.

Article 16

Directors' Fees

Directors' fees and other similar payments derived by a resident of a Contracting State in his capacity as a member of the board of directors or a similar organ of a company which is a resident of the other Contracting State, may be taxed in that other State.

Article 17

Entertainers and Sportsmen

1. Notwithstanding the provisions of Articles 7, 14 and 15, income derived by a resident of a Contracting State as an entertainer, such as a theatre, motion picture, radio or television artiste, or a musician, or as a sportsman, from his personal activities as such exercised in the other Contracting State, may be taxed in that other State.

2. Where income in respect of personal activities exercised by an entertainer or a sportsman in his capacity as such accrues not to the entertainer or sportsman himself but to another person, that income may, notwithstanding the provisions of Articles 7, 14 and 15, be taxed in the Contracting State in which the activities of the entertainer or sportsman are exercised.

3. The provisions of paragraph 2 shall not apply if it is established that neither the entertainer or the sportsman nor persons related thereto, participate directly or indirectly in the profits of the person referred to in that paragraph.

4. The provisions of paragraphs 1 and 2 shall not apply to income derived from activities performed in a Contracting State by a resident of the other Contracting State in the context of a visit in the first-mentioned State of a non-profit organization of the other State provided the visit is principally supported by public funds.

3. Ondanks die voorafgaande bepalings van hierdie Artikel is besoldiging wat verkry word ten opsigte van 'n diensbetrekking wat beoefen word aan boord van 'n skip of vliegtuig wat in internasionale verkeer deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat bedryf word, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die besoldiging deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat verkry word.

Artikel 16

Direkteursgelde

Direkteursgelde en ander soortgelyke vergoeding verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in sy hoedanigheid van lid van die direksie of 'n soortgelyke instelling van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

Artikel 17

Verhoogkunstenaars en Sportlui

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7, 14 en 15 kan inkomste wat verkry word deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportman, uit sy persoonlike bedrywigheede as sodanig wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.

2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywigheede wat deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportman in dié hoedanigheid beoefen word nie aan die verhoogkunstenaar of sportman self toeval nie maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7, 14 en 15, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywigheede van die verhoogkunstenaar of sportman beoefen word.

3. Die bepalings van paragraaf 2 is nie van toepassing nie indien daar vasgestel word dat nóg die verhoogkunstenaar nóg die sportman nóg verwante persone regstreeks of onregstreeks deelneem aan die winste van die persoon in daardie paragraaf genoem.

4. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 is nie van toepassing nie ten opsigte van inkomste verkry uit bedrywigheede wat in 'n Kontrakterende Staat beoefen word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat in die loop van 'n besoek in eersgenoemde Staat van 'n organisasie sonder winsbejag van die ander Staat, met dien verstande dat die besoek hoofsaaklik deur openbare fondse ondersteun word.

Article 18**Pensions and Annuities**

1. Pensions and annuities arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. Pensions and annuities arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State may also be taxed in the State in which they arise and according to the law of that State.

Article 19**Government Service**

1. (a) Salaries, wages and similar remuneration, other than a pension, paid by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof to an individual in respect of services rendered to that State or subdivision or authority shall be taxable only in that State.

(b) However, such salaries, wages or similar remuneration shall be taxable only in the other Contracting State if the services are rendered in that State and the individual is a resident of that State who:

- (i) is a national of that State; or
- (ii) did not become a resident of that State solely for the purpose of rendering the services.

2. The provisions of paragraph 1 shall not apply to remuneration in respect of services rendered in connection with a business carried on by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof.

Article 20**Students**

Payments which a student, apprentice or business trainee who is, or was immediately before visiting a Contracting State, a resident of the other Contracting State and who is present in the first-mentioned State solely for the purpose of his education or training receives for the purpose of his maintenance, education or training shall not be taxed in that State, provided that such payments arise from sources outside that State.

Artikel 18

Pensioene en Annuïteite

1. Pensioene en annuïteite wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Pensioene en annuïteite wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan ook in die Staat waarin hulle ontstaan en ooreenkomstig die reg van daardie Staat belas word.

Artikel 19

Regeringsdiens

1. (a) Salarisse, lone en soortgelyke besoldiging, uitgesonderd 'n pensioen, betaal deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderverdeling of owerheid, is slegs in daardie Staat belasbaar.

(b) Sodanige salarisse, lone en soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat:

(i) 'n burger van daardie Staat is; of

(ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.

2. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing nie op besoldiging ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid wat deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan bedryf word.

Artikel 20

Studente

Betalings wat 'n student, vakleerling of besigheidsleerling wat 'n inwoner is of onmiddellik voor sy besoek aan 'n Kontrakterende Staat 'n inwoner was van die ander Kontrakterende Staat, en wat uitsluitlik vir die doel van sy onderrig of opleiding in eersgenoemde Staat teenwoordig is, ontvang vir die doel van sy onderhoud, onderrig of opleiding, is nie in daardie Staat belasbaar nie, mits sodanige betalings uit bronne buite daardie Staat ontstaan.

Article 21***Other Income***

1. Subject to the provisions of paragraph 2, items of income of a resident of a Contracting State, wherever arising, not dealt with in the foregoing Articles of this Convention shall be taxable only in that State.
2. However, if such income is derived by a resident of a Contracting State from sources in the other Contracting State, such income may also be taxed in the State in which it arises, and according to the law of that State. Where such income is income from an estate or a trust, other than a trust to which contributions were deductible, the tax so charged shall, provided that the income is taxable in the Contracting State in which the beneficial owner is a resident, not exceed 15 per cent of the gross amount of the income.

Article 22***Avoidance of Double Taxation***

1. In the case of Canada, double taxation shall be avoided as follows:
 - (a) subject to the existing provisions of the law of Canada regarding the deduction from tax payable in Canada of tax paid in a territory outside Canada and to any subsequent modification of those provisions - which shall not affect the general principle hereof - and unless a greater deduction or relief is provided under the laws of Canada, the tax payable in South Africa on profits, income or gains arising in South Africa shall be deducted from any Canadian tax payable in respect of such profits, income or gains;
 - (b) subject to the existing provisions of the law of Canada regarding the taxation of income from a foreign affiliate and to any subsequent modification of those provisions - which shall not affect the general principle hereof - for the purpose of computing Canadian tax, a company which is a resident of Canada shall be allowed to deduct in computing its taxable income any dividend received by it out of the exempt surplus of a foreign affiliate which is a resident of South Africa;
 - (c) where in accordance with any provision of the Convention income derived by a resident of Canada is exempt from tax in Canada, Canada may nevertheless, in calculating the amount of tax on the remaining income of such resident, take into account the exempted income.

Artikel 21**Ander Inkomste**

1. Behoudens die bepalinge van paragraaf 2 is inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar dit ook al ontstaan, wat nie in die voorafgaande Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie, slegs in daardie Staat belasbaar.

2. Indien sodanige inkomste egter deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit bronne in die ander Kontrakterende Staat verkry word, kan sodanige inkomste ook in die Staat waarin dit ontstaan en ooreenkomstig die reg van daardie Staat belas word. Waar sodanige inkomste inkomste uit 'n boedel of 'n trust is, uitgesonderd 'n trust waarvan bydraes aftrekbaar was, gaan die belasting aldus gehef nie 15 persent van die bruto bedrag van die inkomste te bowe nie, mits die inkomste belasbaar is in die Kontrakterende Staat waarvan die bevoordeelde eienaar 'n inwoner is.

Artikel 22**Vermidding van Dubbele Belasting**

1. In die geval van Kanada word dubbele belasting soos volg vermy:

- (a) behoudens die bestaande bepalinge van die reg van Kanada betreffende die aftrekking van belasting in Kanada betaalbaar van belasting betaal in 'n gebied buite Kanada, en behoudens enige daaropvolgende wysiging van daardie bepalinge - wat nie die algemene beginsel hiervan raak nie - en tensy 'n groter aftrekking of verligting ingevolge die wette van Kanada toegelaat word, word die belasting in Suid-Afrika betaalbaar op profyte, inkomste of winste wat in Suid-Afrika ontstaan afgetrek van enige Kanadese belasting wat ten opsigte van sodanige profyte, inkomste of winste betaalbaar is.
- (b) behoudens die bestaande bepalinge van die reg van Kanada betreffende die belasting op inkomste van 'n buitelandse filiaal, en behoudens enige daaropvolgende wysiging van daardie bepalinge - wat nie die algemene beginsel hiervan raak nie - vir doeleindes van die berekening van Kanadese belasting, word 'n maatskappy wat 'n inwoner van Kanada is, toegelaat om enige dividend deur hom ontvang uit die vrygestelde oorskot van 'n buitelandse filiaal wat 'n inwoner van Suid-Afrika is, by die berekening van sy belasbare inkomste af te trek;
- (c) waar, ooreenkomstig 'n bepaling van die Konvensie, inkomste verkry deur 'n inwoner van Kanada in Kanada van belasting vrygestel is, kan Kanada nietemin by die berekening van die belastingbedrag op die oorblywende inkomste van sodanige inwoner die vrygestelde inkomste in berekening bring.

2. In the case of South Africa, taxes paid by a resident of South Africa in respect of income taxable in Canada, in accordance with the provisions of this Convention, shall be deducted from the taxes due according to South African fiscal law. Such deduction shall not, however, exceed an amount which bears to the total South African tax payable the same ratio as the income concerned bears to the total income.

3. For the purposes of this Article, profits, income or gains of a resident of a Contracting State which are taxed in the other Contracting State in accordance with this Convention shall be deemed to arise from sources in that other State.

Article 23

Non-discrimination

1. Nationals of a Contracting State shall not be subjected in the other Contracting State to any taxation or any requirement connected therewith which is more burdensome than the taxation and connected requirements to which nationals of that other State in the same circumstances are or may be subjected. This provision shall, notwithstanding the provisions of Article 1, also apply to individuals who are not residents of one or both of the Contracting States.

2. The taxation on a permanent establishment which a resident of a Contracting State has in the other Contracting State shall not be less favourably levied in that other State than the taxation levied on residents of that other State carrying on the same activities.

3. Nothing in this Article shall be construed as obliging a Contracting State to grant to residents of the other Contracting State any personal allowances, reliefs and reductions for taxation purposes on account of civil status or family responsibilities which it grants to its own residents.

4. Companies which are residents of a Contracting State, the capital of which is wholly or partly owned or controlled, directly or indirectly, by one or more residents of the other Contracting State, shall not be subjected in the first-mentioned State to any taxation or any requirement connected therewith which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which other similar companies which are residents of the first-mentioned State, the capital of which is wholly or partly owned or controlled, directly or indirectly, by one or more residents of a third State, are or may be subjected.

5. In this Article the term "taxation" means taxes which are the subject of this Convention.

2. In die geval van Suid-Afrika word belastinge betaal deur 'n inwoner van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste wat in Kanada belasbaar is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie, afgetrek van die belastinge wat ingevolge Suid-Afrikaanse fiskale reg betaalbaar is. Sodanige aftrekking is egter nie meer nie as 'n bedrag wat in dieselfde verhouding tot die totale Suid-Afrikaanse belasting staan as die verhouding waarin die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan.

3. By die toepassing van hierdie Artikel word profyte, inkomste of winste van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat ooreenkomstig hierdie Konvensie in die ander Kontrakterende Staat belas word, geag uit bronne in daardie ander Staat te ontstaan.

Artikel 23

Nie-diskriminasie

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders is of swaarder druk as die belasting en die daarmee verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede onderworpe is of onderwerp kan word nie. Hierdie bepaling is ondanks die bepalings van Artikel 1 ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een van of van albei die Kontrakterende State is nie.

2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, mag nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef word as die belasting wat gehef word op inwoners van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywigheede beoefen nie.

3. Hierdie Artikel word nie uitgelê as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike toelaes, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes uit hoofde van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede toe te staan wat hy aan sy eie inwoners toestaan nie.

4. Maatskappye wat inwoners van 'n Kontrakterende Staat is waarvan die kapitaal uitsluitlik of gedeeltelik besit of beheer word, regstreeks of onregstreeks, deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders is of swaarder druk as die belasting en die daarmee verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke maatskappye wat inwoners van eersgenoemde Staat is, waarvan die kapitaal uitsluitlik of gedeeltelik besit of beheer word, regstreeks of onregstreeks, deur een of meer inwoners van 'n derde Staat, onderworpe is of onderwerp kan word nie.

5. In hierdie Artikel beteken die uitdrukking "belasting" die belastinge waarvoor hierdie Konvensie handel.

Article 24**Mutual Agreement Procedure**

1. Where a person considers that the actions of one or both of the Contracting States result or will result for him in taxation not in accordance with the provisions of this Convention, he may, irrespective of the remedies provided by the domestic law of those States, address to the competent authority of the Contracting State of which he is a resident, or if his case comes under paragraph 1 of Article 23, to that of the Contracting State of which he is a national, an application in writing stating the grounds for claiming the revision of such taxation. To be admissible, the said application must be submitted within two years from the first notification of the action which gives rise to taxation not in accordance with the Convention.

2. The competent authority referred to in paragraph 1 shall endeavour, if the objection appears to it to be justified and if it is not itself able to arrive at a satisfactory solution, to resolve the case by mutual agreement with the competent authority of the other Contracting State, with a view to the avoidance of taxation not in accordance with the Convention.

3. A Contracting State shall not, after the expiry of the time limits provided in its national laws and, in any case, after five years from the end of the taxable period in which the income concerned has accrued, increase the tax base of a resident of either of the Contracting States by including therein items of income which have also been charged to tax in the other Contracting State or increase the tax charged on such income. This paragraph shall not apply in the case of fraud, wilful default or neglect.

4. The competent authorities of the Contracting States shall endeavour to resolve by mutual agreement any difficulties or doubts arising as to the interpretation or application of the Convention.

5. The competent authorities of the Contracting States may consult together for the elimination of double taxation in cases not provided for in the Convention and may communicate with each other directly for the purpose of applying the Convention.

6. If any question, difficulty or doubt arising as to the interpretation or application of the Convention cannot be resolved or dealt with by the competent authorities as a result of the application of the provisions of paragraphs 1, 2 or 3, these questions, difficulties or doubts may, if the competent authorities agree, be submitted to an arbitration commission. The decisions of the commission shall be binding on the competent authorities. The composition of the commission and the arbitration procedures shall be determined by the competent authorities.

Artikel 24

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een van of van albei die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat hy nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie belas word nie, kan hy, ondanks die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n skriftelike aansoek wat die redes uiteensit vir die bewering dat sodanige belasting hersien moet word, rig aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan hy 'n inwoner is of, as sy saak onder paragraaf 1 van Artikel 23 ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan hy 'n burger is. Ten einde toelaatbaar te wees, moet genoemde aansoek voorgelê word binne twee jaar vanaf die eerste kennisgewing van die handeling wat aanleiding gee daartoe dat belasting nie ooreenkomstig die Konvensie gehef word nie.

2. Die bevoegde owerheid in paragraaf 1 genoem, moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en hy nie self 'n geskikte oplossing kan vind nie, probeer om die saak deur onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met die Konvensie is nie.

3. 'n Kontrakterende Staat mag nie, na die verstryking van die tydsbeperkings deur sy landsreg bepaal en in ieder geval na vyf jaar vanaf die einde van die belasbare tydperk waarin die betrokke inkomste toegeval het, die belastingbasis van 'n inwoner van enigeen van die Kontrakterende State verbreed deur inkomste-items daarby in te sluit wat ook in die ander Kontrakterende Staat aan belasting onderwerp is nie of die belasting op sodanige inkomste verhoog nie. Hierdie paragraaf is nie van toepassing nie in die geval van bedrog, opsetlike versuim of nalatigheid.

4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om enige moeilikhede of twyfel wat in verband met die uitleg of toepassing van die Konvensie ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms uit die weg te ruim.

5. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan mekaar raadpleeg met die oog op die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle waarvoor daar nie in hierdie Konvensie voorsiening gemaak word nie en kan by die toepassing van die Konvensie regstreeks met mekaar in verbinding tree.

6. Indien 'n vraag, probleem of twyfel wat by die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan nie deur die bevoegde owerhede opgelos of uit die weg geruim kan word nie weens die toepassing van die bepalings van paragraawe 1, 2 of 3, kan hierdie vrae, probleme of twyfel, indien die bevoegde owerhede daartoe ooreenkom, aan 'n arbitrasiekommissie voorgelê word. Die besluite van die kommissie is bindend vir die bevoegde owerhede. Die samestelling van die kommissie en die arbitrasieprosedures word deur die bevoegde owerhede bepaal.

Article 25

Exchange of Information

1. The competent authorities of the Contracting States shall exchange such information as is relevant for carrying out the provisions of this Convention or of the domestic laws of the Contracting States concerning taxes covered by the Convention insofar as the taxation thereunder is not contrary to the Convention. The exchange of information is not restricted by Article 1. Any information received by a Contracting State shall be treated as secret in the same manner as information obtained under the domestic laws of that State.
2. Nothing in paragraph 1 shall be construed so as to impose on a Contracting State the obligation:
 - (a) to carry out administrative measures at variance with the laws or the administrative practice of that or of the other Contracting State;
 - (b) to supply information which is not obtainable under the laws or in the normal course of the administration of that or of the other Contracting State;
 - (c) to supply information which would disclose any trade, business, industrial, commercial or professional secret or trade process, or information, the disclosure of which would be contrary to public policy (ordre public).
3. If information is requested by a Contracting State in accordance with this Article, the other Contracting State shall endeavour to obtain the information to which the request relates in the same way as if its own taxation was involved notwithstanding the fact that the other State does not, at that time, need such information. If specifically requested by the competent authority of a Contracting State, the competent authority of the other Contracting State shall endeavour to provide information under this Article in the form requested, such as depositions of witnesses and copies of unedited original documents (including books, papers, statements, records, accounts or writings), to the same extent such depositions and documents can be obtained under the laws and administrative practices of that other State with respect to its own taxes.

Article 26

Diplomatic Agents and Consular Officers

1. Nothing in this Convention shall affect the fiscal privileges of diplomatic agents or consular officers under the general rules of international law or under the provisions of special agreements.

Artikel 25***Uitruil van Inligting***

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State ruil sodanige inligting uit as wat nodig is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of van die landsreg van die Kontrakterende State aangaande belastings deur die Konvensie gedek vir sover die belasting daarkragtens nie strydig met die Konvensie is nie. Die uitruil van inligting word nie deur Artikel 1 beperk nie. Enige inligting wat 'n Kontrakterende Staat ontvang, word as geheim behandel op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word.

2. Paragraaf 1 word nie uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting opleë om:

- (a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette of die administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
- (b) inligting te verstrek wat nie kragtens die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
- (c) inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, nywerheids-, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sou openbaar, of inligting te verstrek waarvan die openbaarmaking strydig met die openbare beleid (ordre public) sou wees.

3. Indien inligting deur 'n Kontrakterende Staat ooreenkomstig hierdie Artikel aangevra word, moet die ander Kontrakterende Staat probeer om die gevraagde inligting te verkry op dieselfde wyse asof sy eie belasting betrokke was, ondanks die feit dat die ander Staat nie op daardie tydstip sodanige inligting nodig het nie. Indien uitdruklik deur die bevoegde owerheid van 'n Kontrakterende Staat versoek, moet die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat probeer om die inligting ingevolge hierdie Artikel in die gevraagde vorm te voorsien, soos verklarings van getuies en kopieë van ongeredigeerde oorspronklike dokumente (insluitende boeke, papiere, verklarings, rekords, rekeninge of skrywes), in dieselfde mate as wat sodanige verklarings en dokumente verkry kan word ingevolge die wette en administratiewe praktyke van daardie ander Staat met betrekking tot sy eie belastings.

Artikel 26***Diplomatiese Agente en Konsulêre Beamptes***

1. Niks in hierdie Konvensie raak die fiskale voorregte van diplomatieke agente of konsulêre beamptes ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.

2. Notwithstanding Article 4, an individual who is a member of a diplomatic mission, consular post or permanent mission of a Contracting State which is situated in the other Contracting State or in a third State shall be deemed for the purposes of the Convention to be a resident of the sending State if he is liable in the sending State to the same obligations in relation to tax on his total income as are residents of that sending State.

3. The Convention shall not apply to international organisations, to organs or officials thereof and to persons who are members of a diplomatic mission, consular post or permanent mission of a third State or group of States, being present in a Contracting State and who are not liable in either Contracting State to the same obligations in relation to tax on their total income as are residents thereof.

Article 27

Miscellaneous Rules

1. The provisions of this Convention shall not be construed to restrict in any manner any exemption, allowance, credit or other deduction accorded:

- (a) by the laws of a Contracting State in the determination of the tax imposed by that State; or
- (b) by any other agreement entered into by a Contracting State.

2. Nothing in the Convention shall be construed as preventing a Contracting State from imposing a tax on amounts included in the income of a resident of that State with respect to a partnership, trust, or company, in which he has an interest.

3. Contributions in a year in respect of services rendered in that year paid by, or on behalf of, an individual who is resident of one of the Contracting States or who is temporarily present in that State, to a pension plan that is recognized for tax purposes in the other Contracting State shall, during a period not exceeding in the aggregate 60 months, be treated in the same way for tax purposes in the first-mentioned State as a contribution paid to a pension plan that is recognized for tax purposes in that first-mentioned State, provided that:

- (a) such individual was contributing on a regular basis to the pension plan for a period ending immediately before he became a resident of or temporarily present in the first-mentioned State; and
- (b) the competent authority of the first-mentioned State agrees that the pension plan generally corresponds to a pension plan recognized for tax purposes by that State.

For the purposes of this paragraph, "pension plan" includes a pension plan created under the social security system in a Contracting State.

2. Ondanks Artikel 4 word 'n individu wat 'n lid is van 'n diplomatieke missie, konsulêre pos of permanente missie van 'n Kontrakterende Staat wat in die ander Kontrakterende Staat of in 'n derde Staat geleë is, by die toepassing van die Konvensie geag 'n inwoner van die Senderstaat te wees indien hy in die Senderstaat onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belasting op sy totale inkomste as inwoners van daardie Senderstaat.

3. Die Konvensie is nie van toepassing nie op internasionale organisasies, op liggame of beamptes daarvan en op persone wat lede is van 'n diplomatieke missie, konsulêre pos of permanente missie van 'n derde Staat of groep van State, wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is en nie in enigeen van die Kontrakterende State onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belasting op hul totale inkomste as inwoners daarvan nie.

Artikel 27

Diverse Reëls

1. Die bepalings van hierdie Konvensie word nie uitgelê nie as sou dit op enige wyse 'n beperking plaas op 'n vrystelling, toelae, krediet of ander aftrekking toegestaan:

- (a) deur die wette van 'n Kontrakterende Staat by die vasstelling van die belasting deur daardie Staat gehef; of
- (b) deur enige ander ooreenkoms deur 'n Kontrakterende Staat aangegaan.

2. Niks in die Konvensie word uitgelê nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat belet om 'n belasting te hef op bedrae by die inkomste van 'n inwoner van daardie Staat ingesluit met betrekking tot 'n vennootskap, trust of maatskappy waarin hy 'n belang het.

3. Bydraes in 'n jaar ten opsigte van dienste gelewer in daardie jaar, betaal deur of ten behoeve van 'n individu wat 'n inwoner van een van die Kontrakterende State is of wat tydelik in daardie Staat teenwoordig is, aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in die ander Kontrakterende Staat erken word, word gedurende 'n tydperk wat altesaam nie 60 maande te bowe gaan nie in eersgenoemde Staat op dieselfde wyse behandel vir belastingdoeleindes as 'n bydrae betaal aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in daardie eersgenoemde Staat erken word, mits:

- (a) sodanige individu op 'n gereelde basis tot die pensioenskema bygedra het vir 'n tydperk wat geëindig het onmiddellik voordat hy 'n inwoner geword het van of tydelik teenwoordig was in eersgenoemde Staat; en
- (b) die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat instem dat die pensioenskema oor die algemeen ooreenstem met 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes deur daardie Staat goedgekeur is.

By die toepassing van hierdie paragraaf sluit "pensioenskema" 'n pensioenskema in wat ingevolge die bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat gestig is.

4. With respect to paragraph 3 of Article XXII of the General Agreement on Trade in Services, the Contracting States agree that, notwithstanding that paragraph, any dispute between them as to whether a measure relating to a tax to which any provision of this Convention applies falls within the scope of this Convention may be brought before the Council for Trade in Services, as provided by that paragraph, only with the consent of the Contracting States.

Article 28

Entry into Force

1. Each of the Contracting States shall notify to the other the completion of the procedures required by its law for the bringing into force of this Convention. The Convention shall enter into force on the date of the later of these notifications.

2. The provisions of this Convention shall apply:

- (a) with regard to taxes withheld at source, in respect of amounts paid or credited on or after the first day of the third month next following the date on which the Convention enters into force; and
- (b) with regard to other taxes, in respect of taxable years beginning on or after the first day of the third month next following the date on which the Convention enters into force.

Article 29

Termination

1. This Convention shall remain in force indefinitely but either of the Contracting States may terminate the Convention through the diplomatic channel, by giving to the other Contracting State written notice of termination not later than 30 June of any calendar year starting five years after the year in which the Convention entered into force.

2. In such event the Convention shall cease to have effect:

- (a) with regard to taxes withheld at source, in respect of amounts paid or credited after the end of the calendar year in which such notice is given; and
- (b) with regard to other taxes, in respect of taxable years beginning after the end of the calendar year in which such notice is given.

4. Met betrekking tot paragraaf 3 van Artikel XXII van die Algemene Ooreenkoms op Handel in Dienste kom die Kontrakterende State ooreen dat, ondanks daardie paragraaf, enige dispuut tussen hulle betreffende die vraag of 'n maatreël met betrekking tot belasting waarop enige bepaling van hierdie Konvensie van toepassing is, binne die bestek van hierdie Konvensie val, voor die Raad vir Handel in Dienste gebring kan word, soos in daardie paragraaf bepaal, slegs met die toestemming van die Kontrakterende State.

Artikel 28

Inwerkingtreding

1. Elke Kontrakterende Staat stel die ander in kennis van die afhandeling van die prosedures wat ingevolge sy reg benodig word om hierdie Konvensie in werking te laat tree. Die Konvensie tree in werking op die datum van die laaste van hierdie kennisgewings.

2. Die bepalinge van hierdie Konvensie is van toepassing:

- (a) met betrekking tot belastinge wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na die eerste dag van die derde maand eersvolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree; en
- (b) met betrekking tot ander belastinge, ten opsigte van belasbare jare beginnende op of na die eerste dag van die derde maand eersvolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree.

Artikel 29

Opsegging

1. Hierdie Konvensie bly vir 'n onbepaalde tyd van krag maar enigeen van die Kontrakterende State kan die Konvensie langs diplomatieke weg opsê deur aan die ander Kontrakterende Staat skriftelik kennis van opsegging te gee nie later nie as 30 Junie van enige kalenderjaar wat begin vyf jaar na die jaar waarin die Konvensie in werking getree het.

2. In sodanige geval is die Konvensie nie meer van krag nie:

- (a) met betrekking tot belastinge wat by die bron teruggehou word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
- (b) met betrekking tot ander belastinge, ten opsigte van belasbare jare beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, duly authorised to that effect, have signed this Convention.

DONE in duplicate at Toronto, this 27th day of November 1995, in the English and French languages, each version being equally authentic.

Article 20

FOR THE GOVERNMENT OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

FOR THE GOVERNMENT
OF CANADA

Die Konvensie tree in werking op die datum van die laaste van hierdie kennisgewings.

2. Die bepaling van hierdie Konvensie is van toepassing:

- (a) met betrekking tot belasting wat by die bron tengevoerd word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer op of na die eerste dag van die derde maand ervolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree; en
- (b) met betrekking tot ander belasting, ten opsigte van belastingjare beginnende op of na die eerste dag van die derde maand ervolgende op die datum waarop die Konvensie in werking tree.

Article 20

Opstelling

1. Hierdie Konvensie bly vir 'n onbepaalde tyd van kragt nie in werking nie. Hierdie Konvensie kan die Konvensie lande diplomatiek wisselgevee aan die ander Kontrakterende Staat skriftelik kennis van opdragting te gee die laaste nie as 30 Junie van enige kalenderjaar wat begin vyf jaar na die jaar waarin die Konvensie in werking gegee het.

2. In sodanige geval is die Konvensie nie meer van kragt nie:

- (a) met betrekking tot belasting wat by die bron tengevoerd word, ten opsigte van bedrae betaal of gekrediteer na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is; en
- (b) met betrekking tot ander belasting, ten opsigte van belastingjare beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin sodanige kennis gegee is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, wat behoorlik daartoe gemagtig is, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, te Toronto op hede die 27ste dag van November 1995, in die Engelse en Franse taal, waarvan albei weergawes ewe outentiek is.

**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**NAMENS DIE REGERING VAN
KANADA**

CONTENTS

No.

Page
No. Gazette
No.**GOVERNMENT NOTICE****South African Revenue Service, Department of***Government Notice*

- 675 Constitution of the Republic of South Africa (200/1993): Ratification of Convention between the Republic of South Africa and Canada: Avoidance of double taxation..... 1 17985

INHOUD

No.

Bladsy
No. Koerant
No.**GOEWERMENSKENNISGEWING****Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Departement van***Goewermenskennisgewing*

- 675 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (200/1993): Bekragtiging van Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en Kanada: Vermydning van dubbele belasting..... 1 17985